

14 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 1:1-14**

**Fokusgedeelte: Jeremia 1:4-8**

### **God roep nie net vir Jeremia nie, maar ook ons om te getuig**

Jeremia word as profeet geroep om God se Woord te laat hoor vir bykans 50 jaar. Dit is in die tydperk van die laaste vyf konings van Juda. Drie van die vyf konings se name word in die eerste verse genoem.

Dit tref dat die Skrif drie maal in die Skrifgedeelte sê: *Die woord van die Here het tot my gekom* (vs. 4, 11, 13) – by sy roeping en by die twee gesigte wat hy ontvang het. God vra elke keer: Wat sien jy, Jeremia? Wanneer God met hom praat, sê Hy duidelik vir hom en ons:

- Ek het jou gevorm in die moederskoot.
- Ek het jou geken, voordat jy gebore is.
- Ek het jou aan My gewy/geheilig en jou aangestel.

So is God persoonlik en aktief betrokke by hom, maar ook by ons, lank voor ons geboorte. God het 'n taak en 'n roeping vir elkeen wat Hy geroep het. Hy het 'n doel met ons – ons moet getuig, dien en Hom verheerlik.

Jeremia tree in 'n moeilike tyd op, die volk raak van God afvallig – soos ons lidmate al hoe meer kerklos en kerkloos raak. Na koning Josia is daar 'n duidelike, vinnige agteruitgang ...

Jeremia hoor duidelik van God: Jou opdrag is tweeledig: (1) om te gaan na wie Ek jou stuur, (2) om te sê wat Ek jou beveel. Dan die versekering saam met die opdrag: Moenie bang wees nie, want Ek is met jou. Jesus se woorde klink soos 'n refrein in die slotvers van Matteus 28:20 – Ek is met julle al die dae ...

Die Woord van God kom in twee gesigte na Jeremia, telkens met die vraag: Wat sien jy, Jeremia? Die eerste gesig wys God is in beheer, gereed om op te tree. In die tweede gesig sê God hoe Hy gaan optree – Jeremia, jy moet die oordeel verkondig! Jeremia het uitgegaan (vgl. 2 Kron. 36:12).

God het 'n doel met ons: ons moet lewende getuies wees, sy Woord uitleef en uitdra. Sy Woord is 'n lig op ons pad en 'n lamp vir ons voet. God wil ons gebruik as sy getuies vandag. Is ons lewende getuies? Ons kan sy getuies wees. Hy skenk ons wat ons nodig het. Hy is by ons, nou en elke dag.

Sing: Psalm 84:1, 3

Ds. DF Coetzee (Piet Retief)